

Skriflesing: Jesaja 53; Johannes 1:29-34

Heidelbergse Kategismus: **Sondag 15**

Sing- Ps.118: 7,14; Ps. 40:3; Ps. 40:5; Ps. 128:4

Jesus is as babatjie in Sondag 14 gebore. Broeder en suster, toe het ons alreeds sy lyde bely.

Die geboorte van Christus was vir Christus al die eerste vernedering. En vanuit die geboorte van Christus maak ons belydenis die groot sprong na Paasfees, na die kruis van Christus.

Kersfees en Paasfees kom eintlik op dieselfde vir Christus neer. In albei is daar lyding, daar is vernedering. Van sy geboorte tot sy dood sou Christus die volle toorn van God teen die ganse mensdom moes dra. Hierdie Seun van God wat gebore is om te sterwe. Die Leeu wat 'n Lam moes word.

As ons aan Christus se lyde dink, dan dink ons baie keer hoe hulle vir Jesus seergemaak het, deur Hom te verag en te spot en uit te daag en die liggaamlike seer van die kruis, die pyn wat spykers deur sy gewigte en voete sou veroorsaak, soos wat dit oopskeur. Die verskriklike pyn in sy rug na die gesel slae, die doringkroon en die dors en die inwendige pyn, waar organe opstoot en asemhaling verhoed. Dit wat klaarblyklik dan ook die liggaamlike dood sou veroorsaak, deurdat Hy nie asem kon haal nie, maar broeder en suster, vergeet dit alles maar eers.

Die seer en die pyn van sy lyde begin nie by wat mense aan Hom gedoen het nie, maar wat God van Hom verwag. Die DRA van God se toorn, die OORDEEL en VLOEK van God op die mensdom wat gesondig het, dit is wat Jesus se lyde eerstens behels. Hy moes God se toorn, God se oordeel, God se vloek moes Jesus kom dra.

En die dra van dit alles, dit is wat lyding is. Die woordjie "lyding" kom so ses keer in die Heidelbergse Kategismus voor en al is dit maar ses keer, is die gedagte daaraan oor Jesus se hele lewe hier op aarde versprei. Ons belydenis sê dat **Hy na liggaam en siel, tydens sy hele lewe op aarde, maar veral aan die einde daarvan GELY het.**

Ja, voordat Jesus nog gebore was, het Jesaja van hierdie LYDING geskryf. Ons het dit gelees. Dit klink amper of Jesaja iemand moes wees wat self na Jesus, na die kruis moes kon staan en kyk en toe eers alles presies neergeskryf het, wat met Jesus gebeur het. Ons weet dit is nie moontlik nie. Jesaja se profesie staan honderde jare voor die geboorte van Christus en hoor wat sê God deur hierdie profeet, van Iemand wat bestempel word as 'n Man van smarte, 'n lydende kneg...*Hy was verag en deur die mense verlaat...Hy is ter wille van ons oortredinge*

deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel, die straf wat vir ons die vrede aanbring was op Hom en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Hy is mishandel....Hy is geslag.....hy is begrawe. Hy kon nie eers daarvoor praat nie, want dit het die Here behaag om Hom te verbrysel... In die woorde hoor ons hoe die toorn van God op Hom sou neerskiet.

Iemand wat soos 'n lam na sy slagplek gelei is, soos 'n skaap wat stom staan voor sy skeerders, terwyl ons as mense, eintlik die dwalende skape is. So kan ons aan Jesus ook dink as 'n Leeu, soos wat Jakob na Juda kon verwys as die jong leeu wat van die roof af opstaan...Jesus uit die geslag van Juda is inderdaad die Leeu. So anders as Simson! In Openbaring 5:5 dan sê die een ouderling – *kyk die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid het oorwin.....* maar net in die volgende vers (Op.5:6), dan het hierdie Leeu 'n Lam kom word. Jesus, die Leeu, het 'n Lam kom word. Daarvoor is Hy gebore om soos 'n Lam geslag te word. Johannes sien in Openbaring 5 die Lam asof Hy geslag is.

Johannes die Doper sou van Jesus as Mens al die eerste keer kon praat van die Lam van God. Dit het ons by Februarie se Nagmaal gehoor. Aan die oewers van die Jordaan, het Johannes Jesus na Hom sien aankom en hy wys met sy hand na Jesus en sê – *Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.....*

As Israel dan hoor dat die Seun van God 'n Lam genoem word, dan sou hulle presies kon verstaan, wat dit beteken. Israel het geweet dit is die bloed van 'n lam, wat hulle aan die deurkossyne in Egipte moes smeer, wat hulle eersgeborenes bewaar het. Met hulle Pasga vieringe (of dan nou Paasfees) elke jaar, as herinnering aan die slawerny en verlossing en uittog uit Egipte, dan het die geslagte lam se bloed heen gewys na God se bewaring. Hoe die Here wat met die dood die Egiptenare gestraf het, deur die lam se bloed hulle verbygegaan het. Die woord Pasga beteken dan ook verbygaan. God het hulle verbygegaan, toe die engel van die dood die Egiptenare nie verbygegaan het nie.

God sou egter sy eie Seun nie verbygaan nie. Hy sou God se toorn moes dra, Hy sou ons sonde moes wegdra. Die sonde staan in die enkelvoud, nie omdat ons sonde, maar so klein en min was, wat Jesus moes dra en wegdra nie, maar dit staan hier in die enkelvoud, juis omdat ons so swaar en menigvuldig gesondig het.

Die sonde vorm een ontsettende mag van skuld en smet en leed en verderf ons soos wat die aarde net een aarde is, so het die sonde hierdie hele aarde oorspoel, dat daar geen uitsondering is en ons nie kan praat van sondes nie, néé alles was een stuk sonde.

Op daardie babatjie, in die krip in Bethlehem, op sy skouertjies, het al die sonde van die hele wêreld gerus. Hy moes die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag dra. God se toorn moes Hy in sy hele omvang dra en ons sonde in sy hele omvang wegdra. Dit staan so sterk dat Paulus in 2 Korinthiërs 5:21 kan sê dat *God Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak het.....*

Die beker van ons sonde moes Jesus leegdrink. Toe Jesus in die tuin van Getsémané was, toe was daar nog geen mens wat Jesus op daardie stadium liggaamlik seergemaak het nie, maar hoe het Hy nie toe alreeds die pyn van God gevoel nie. Hy voel toe al die houe van God, die afkeer, die toorn van God teen die sonde, dat sy sweet soos bloeddruppels op die grond geval het.

God wat Hom in Getsémané al die afkeer en toorn teen die sonde laat beleef het, dat Hy toe al moes bid en God smeeke of die beker van lyde, die beker van God se toorn nie maar by Hom kan verbygaan nie. God het aan die kruis nog verder gegaan. God het Hom verlaat.....! Dit is alle lyding op sy ergste....dit is wat die hel is, broeder en suster, as God my verlaat, as God nie meer MET MY is nie, as die Immanuel – GOD MET ONS – weg is! Toe het Jesus die Goddelike toorn teen die sonde op sy ergste gehad, dat ons belydenis praat van dat Hy na die hel neergedaal het. Die hel was toe God vir Jesus verlaat het, met dan daardie helse woorde - Eloi, eloi, lamah sabagani...my God, my God, waarom het U my dan nou ook verlaat.....

Met die verlaat van God, kan ons die woorde van Jesaja saambring dat dit *God behaag het, om Hom te verbrysel; Hy het Hom krank gemaak....* Ons wat dit alles vandag weer kan hoor, volgende Sondag by die Nagmaal dan wys die tekens van brood en wyn dit ook weer.

Is u saam met my pynlik bewus daarvan dat dit in ons plek is, wat Jesus dit alles moes doen. Soos wat ons hier sit, is dit u en ek wat deur God verbrysel moes word. Jesus het in ons plek kom staan. U en ek moes deur God krank gemaak word. Dit alles wat op Jesus neerkom, moes op my neergekom het. Dit wat Jesus moes ly, is u en my rekening. Ons moet dit nie

vergeet nie, broeder en suster. Elke keer wat ons hier van Christus lees, dit wat Hy vir ons moes deurmaak, moet ek eintlik eers my eie naam invul, want Christus ly, borgtogtelik, plaasvervangend, in my plek! Ek sou só moes ly.....ek sou dit nie kon doen nie, maar ek sou dit moes doen, wat my ewige dood sou beteken.

In plaas van die ewige dood het Christus vir ons verwerf, **die genade van God, die geregtigheid en die ewige lewe.....**Hierdie geregtigheid, genade en lewe, kom in die plek van die toorn van God. Dit is inderdaad soos Johannes hierna verwys – GENADE OP GENADE –Johannes 1:16 – *En uit sy volheid het ons almal ontvang, ja, genade op genade.*

Na die toorn van God gaan ons belydenis as't ware terug op Jesus se lyding en gaan nog dieper op hierdie lyding in en wys op die oordeel wat by 'n aardse regbank gevel sou word. Dié Jesus wat van die hemele kom, sou deur die aarde geoordeel en veroordeel word. Die hemelse toorn van God word gevolg deur 'n aardse oordeel, deur 'n aardse regstelsel.

En die regstelsel waarmee studente vandag nog opgelei word, die Romeinse regstelsel, het Jesus onskuldig bewys en verklaar. Onskuldig! Twee keer, ja selfs drie keer, herhaal Pilatus hierdie onskuld. Johannes 18:38 – *ek vind geen skuld in Hom nie.....*Johannes 19:4.....*ek bring Hom vir julle buitentoe, sodat julle kan weet dat ek in Hom geen skuld vind nie.....*Johannes 19:6 – *Neem julle Hom en kruisig Hom, want ek vind geen skuld in Hom nie.....* Van Pilatus is die hoogste regs besef verwag. Hy het die beste reg van sy tyd geken en Jesus het voor hom te staan gekom. Ons belydenis vra – **Waarom het Jesus onder die regter Pontius Pilatus gely?**

Van mense name is daar in die Twaalf Artikels net twee name wat eiename is. Maria en dan dié Pontius Pilatus. Ons sou ook kon sê Christus se moeder en Christus se moordenaar, want hoe ironies, Pilatus wat Hom onskuldig verklaar het, hy het hom soos 'n skuldige laat ly, deur maar net sy handjies te wil was en te wil voorgee asof hy dan nou niks verder hiermee te make het nie. Die regstelsel kan hoe goed wees, maar die mens agter hierdie reg is 'n swakke sondige huigelagtige mens, wat wys hoe swak en sondig die hele mensdom is. Hoe baie keer wil ons nou-nog in die grootste nood maak, asof ons hiermee niks te make het nie, ons wil net ons handjies was.

Al het Pilatus dan vir Jesus onskuldig geoordeel, het hy Hom wel veroordeel. Sy vonnis was: Kruisig julle Hom. Dit is die vonnis van die wêreld oor die Christusonskuldig en tog ter dood veroordeel – WAAROM?sodat.....**ons daardeur bevry kon word van die streng oordeel van God, wat oor ons moes kom....**Jesus het ons van die streng oordeel van God bevry, soos wat ons kan sê, Jesus het ons van die toorn van God bevry, Jesus het ons van die ewige dood bevry....

As Jesus ons bevry, dan doen Jesus nie net iets in ons plek nie, Hy werk nie net plaasvervangend nie, maar Hy doen nog meer. Hy werk bevrydend! Hy doen alles en let weereens mooi op, Hy doen dit ter wille van my.....**die oordeel van God wat oor ons moes kom.**

En dan steek die belydenis viervoetig vas, by die verskrikking van hierdie hele lyding van Jesus en dit is by daardie houtkruis wat daar gestaan het. Hoekom is Hy nie maar eerder gestenig nie, of hoekom kon Hy nie maar net 'n gifbeker (soos Sokrates) drink nie, maar moes Hy gekruisig word. Die kruisdood, watter verskrikking! Hierin is nie net God se toorn en God se oordeel nie, maar ook God se vloek.

By alles wat Jesus se lyding vererger het, is daardie kruis wat die lyding verleng het. Mense wat al ter dood veroordeel is, se laaste wens was al dikwels, dat dit net gou moet wees. Oldenbarneveldt se beroemde woorde met die uitvoering van sy doodsvonnis was – “maak dit kort”. Die kruisdood wil die teenoorgestelde hê. Die lyding moet so lank moontlik uitgerek word.

Uur na uur, ten volle by 'n mens se bewussyn, word die sterwende liggaam afgebreek. Die Romeine het so 'n afsku hierin gehad, dat hulle dit nooit in hulle regstelsel vir hulle eie mense ingebring het nie. Vir hulle was dit 'n skandelijke afskuwelike slawe dood. Vir die Jood was die kruisdood die teken van die vloek van God. In Israel het hulle gemeen om iemand te kruisig is om die mens aan God uit te lewer. Daardeur wou die mense vir God sê – ons het hom die doodstraf gegee, maar dit is nie genoeg nie, o Here, straf U hom nou verder. Hulle meen dan, daar moet nog 'n straf na die dood, na die vloek van God kom, die verdoemenis.

Pretoria- 20 Mei 2012 (Bevestiging van br. Koos Venter as ouderling)

Dit wou die mense aan Jesus met die kruisdood doen, maar Jesus het dit om 'n ander rede gedoen. Jesus het geweet dat **Hy daardeur die vervloeking wat op my gerus het, op Hom geneem het, omdat die kruisdood inderdaad deur God vervloek is.** Jesus se lyding is vandag vir ons hierdie drie dinge. In my plek het Hy gekom, Hy het my van God se toorn, God se oordeel, bevry, Hy het my verlos van die vloek van God. Dit alles, sodat Jesus kon sê – *TETELESTAI* – Dit is volbring!

AMEN